# D. DIE ROL VAN DIE VROU

## DIE AFRIKANERVROU IN TYE VAN NASIONALE NOOD

*Heldin en vrou! Die beste wat ons land*
*Nog voortgebring het . . . . behou*
*Die beste wat ons nasie het . . . . die vrou.*

Leipoldt.

INDIEN, soos adv. Malan in sy lewensbeskrywing van mev. Koopmans-De Wet vasstel, dit die roeping is van die vrou „om te ly, om die smart van haar volk te dra", geld dit sekerlik in 'n baie hoë mate vir die Afrikanervrou. Die geskiedenis van die Afrikanervrou is pioniersgeskiedenis, en dit word noodwendig gekenmerk deur die feit dat die liggaamlik swakkes, die oues van dae en die vroue en kinders die meeste moet verduur. In tye van nasionale nood was dit die vrou wat in 'n besondere mate moes opoffer, maar deur lyding en ontberings het sy sterk geword en deur haar voorbeeld ander besiel sodat ook toekomstige geslagte daaruit krag kon put. So het die beste eienskappe van die Afrikanervrou in die verlede op treffende wyse te voorskyn getree. Hierdie eienskappe, veral fierheid, taaiheid, geduld te midde van lyding en ontbering, liefde vir die vryheid, word tereg orals geroem, veral in ons nasionale letterkunde.

Die bereidwilligheid om alles op te offer vir die vryheidsideaal het in die geskiedenis tot skone openbaring gekom veral in die twee grootste momente in die lewe van die Afrikanervolk toe die stryd om lewe en dood aangeknoop is teen die tradisionele vyande, nl. Bantoe en Brit, wat die volksbestaan so dikwels bedreig het. Bekend is hoe as beskawingsfaktor die Afrikanervrou 'n betekenisvolle rol gespeel het in die proses van nasiewording. Sedert die tyd toe Jan van Riebeeck sy fort gevestig het aan Tafelbaai se strand en die uitbreidingsbeweging na die binneland 'n aanvang geneem het, het die vrou haar invloed laat geld, maar diep is die spore wat sy gedruk het en bloot vir alle oë om te sien eers in die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog. Die Trekkersvroue was waardige nasate van 'n Martha Bezuidenhout, wat met die geweer in die hand, haar man bygestaan het tot op die laaste toe hy die Britse dwinglandy getrotseer het. Dit is daardie vroue wat met hulle mans die opmars na die binnelande meegemaak het toe 'n nuwe woongebied

gesoek moes word in 'n woeste wildernis. Dit is hulle wat nie alleen hulle gewone dagtaak verrig het nie te midde van al die ongerief en ontbering van die Trek nie, maar wat selfs met die geweer in die hand die aanslae van wilde Bantoe-hordes op die laers help afslaan het. Dit is die bloed van hulle en hulle kinders wat die velde van Natal gedrenk het, en dit is hulle wat, toe die mans moedeloos geword het en Natal weer wou verlaat, heldhaftig uitgeroep het dat hulle in daardie geval self die bloed van die martelare sou wreek, en daardeur die mans gedwing het om die stryd teen Dingaan te hervat. So was die slag van Bloedrivier ook die resultaat van vrouevasberadenheid en vrouemoed.

Maar net soos daardie vroue geweier het om Natal te verlaat, wat met die bloed van hulle dierbares gekoop is, net so het hulle geweier om daar te bly nadat die vyand die Britse vlag weer daar gehys en die Boere-Republiek beroof het van sy onafhanklikheid. Hoe treffend kom die vryheidsin van die Boerevrou nie tot uiting in die episode toe die Britse Kommissaris Cloete 'n vrouedeputasie in Pietermaritzburg te woord gestaan het nie! In 'n brief, gedateer 8 Augustus 1845, vertel Cloete self hoe 'n aantal vroue, gelei deur mev. Erasmus Smit, hom meegedeel het dat hulle afgevaardig was deur die Trekkervroue om hulle besliste voorneme uit te druk om nooit te buig onder Britse gesag nie, dat hulle bewus is daarvan dat teenstand teen Engeland hopeloos is, *maar dat hulle liewer kaalvoet oor die Drakensberge sou loop om in vryheid te sterf, aangesien hulle die dood verkies bo die verlies van die vryheid.* Merkwaardig is ook, blykens die brief van Cloete, die verklaring van mev. Smit by hierdie geleentheid dat, aangesien hulle saam met hulle mans geveg het teen die Zoeloes, aan hulle 'n belofte gemaak is *dat hulle geregtig is op 'n stem in alle landsake,* en dat hulle nou, ingevolge daardie belofte, hulle stem laat hoor teen die anneksasie van Natal deur Engeland. Cloete vermeld ook uitdruklik dat hulle wagwoord was: *„Die vryheid of die dood".*

'n Mooi voorbeeld van 'n Voortrekkervrou wat die belange van haar land en volk eerste gestel het en deur 'n gees van opofferende vaderlandsliefde opgeklim het tot die bergspitse waar helde woon, was die vrou van Andries Pretorius. In die stryd teen die Engelse was die Trekkers in die Vrystaat leierloos, en 'n roepstem het gekom tot Pretorius om hulle te help, maar sy vrou was tot sterwens toe krank, en hy kon hom nie van haar losskeur nie. Dit is toe dat sy hom toegeroep het: *„Gaan! My kan jy die lewe tog nie gee nie, sien of jy nie iets goeds kan doen vir jou mede-emigrante nie."* Pretorius het gehoorsaam en met sy terugkeer weke daarna was sy reeds heengegaan.

So het die Voortrek soos nog nie tevore nie die vroue op die voorgrond gebring nie alleen as groep nie, maar ook as indiwidue. Dit was hulle wat die meeste moes ly en verduur

tydens die Trek. Dit was hulle en hulle kinders wat in groot getalle die slagoffers was van die assegaai van die barbare. Maar die groot wêreld daar buite het dit nie geweet nie, en selfs die eie Afrikaanse volk het hierdie dinge as vanselfsprekend beskou.

Dit was eers met die Tweede Vryheidsoorlog dat die heldedom van die Afrikanervrou voor die hele wêreld na vore getree het en soos 'n plotselinge weerligstraal in 'n donker nag langs die wêreldhorison geblits het. Wat die Afrikaanse vrou in daardie tyd verduur en volbring het, het nie slegs die medelye van die wêreld uitgelok nie, nie slegs 'n kreet van ontsetting nie, maar ook 'n uitroep van bewondering.

Reeds vroeg in die oorlog al het die vroue van Pretoria en Johannesburg hulle invloed laat geld. So het die vroue van Fordsburg aan die begin van 1900 aangebied om die werk van mans in die staatsdepartemente te verrig sodat meer burgers na die kommando's kon gaan. In Mei 1900 het hierdie beweging weerklank gevind in Pretoria, toe 'n groot vergadering gehou is in die saal van die Tweede Volksraad met die doel om planne te beraam om die Regering te steun en iets te doen vir die Boeresaak in die kommervolle tyd. Die resultaat was 'n dergelike aanbod as die van die Johannesburgse vroue en dogters. Hulle het ook aangebied om gewapend diens te doen waar nodig en hulle gewillig verklaar om selfs na die front te gaan *„liewer . . . as om ons dierbaar Vaderland in die hand van die vyand te sien val."* Hierdie aanbod is beliggaam in 'n adres deur mevv. H. S. Bosman, F. C. Eloff Snr., Maritz Botha, Louis Botha, Reitz en 500 ander gerig aan genl. Botha.

Dit is dade soos hierdie wat die mans gesterk het in die stryd, en meer as 'n jaar na die oorlog aan die gang was, kon 'n Ierse lid van die Britse laerhuis verklaar dat die Boerevroue meer verbitterd as ooit tevore was. In 'n toespraak het hy erken dat dit die vroue was wat die mans dwing om te veg: *„Welke man sal durf huis toe gaan wetende dat die vroue van sy huishouding hom sal bestempel as 'n lafaard?"*

Ook die bekende pro-Boer, Michael Davitt, getuig van hierdie gees van onverskrokke vasberadenheid: *„Die vroue het orals die ernstige en hardnekkigste gees van verset teen Britse aggressie geopenbaar. Hulle het hulle daarop beroem dat hulle mans en seuns na die front gegaan het . . . ‚Ek het 'n man en drie seuns op kommando,' het een trots verklaar, ‚en nog een van slegs veertien jaar wat die brug oppas. Ek wens ek het nog twintig gehad wat teen die vyand kan veg'."*

Ook die bekende geskiedskrywer, wyle dr. Theal het in Maart 1900 in 'n onderhoud met die *Manchester Guardian* verklaar dat Engeland die gees van die Boere hopeloos verkeerd interpreteer. *„Onthou,"* sê hy, *„dat, anders as die toestand van sake in 'n Europese oorlog, die vroue die ergste voorvegters is van oorlog tot die bitter einde. Vir die vryheid sal die*

*Boerevroue hulle mans en seun na seun stuur om tot op die laaste te veg. Hulle word gedra deur 'n onwrikbare vertroue op God en die geloof in die regverdigheid van hulle saak. En die mans is wat die vroue hulle gemaak het. Hulle het aan moedersknie die verhaal geleer van die stryd van hulle voorouers teen Alva en die mag van Spanje en hoe daardie voorouers hulle vaderland eerder onder water laat loop en gesterf het as om in te gee."*

'n Ander getuie van die gees van die vroue in die Vryheidsoorlog is die Britse staatsman, wyle Ramsay MacDonald wat Suid-Afrika in 1902 besoek en met verskeie vroue gepraat het. Hulle het hom hulle lotgevalle meegedeel en vertel van die dood van hulle kinders in die kampe maar nooit 'n traan gestort nie, en dit is juis in die kampe wat die Afrikaanse vrou vir haar 'n ereplek verower het in die geskiedenis van haar volk, 'n plek wat niemand haar kan ontneem nie. Die offers vir die vryheid en die vaderland wat sy daar gebring het, was ontsettend hoog, die hoogste wat sy kon gee — haar lewe. Hierdie dinge is welbekend uit die groot literatuur wat daaroor bestaan, maar dit leef ook in die hart van die nageslag, wat met toorn en smart terugdink aan die onskuldiges wat daar gely en gesterf het. In die 45 konsentrasiekampe, waarin 100,000 en meer mense opgesluit was, is daar gestorwe:

3,288 gehude vroue;
825 jong meisies bo 16 jaar;
209 jong seuns bo 16 jaar;
22,057 kinders onder 16.

Die groot totaal vroue en kinders is 26,379, en daarby kom nog 1,421 ou mans. Altesaam byna 'n vierde deel van almal in die kampe het omgekom. Daarmee kan vergelyk word die 6,189 burgers wat gesneuwel of aan siekte gesterf het in die veld of as krygsgevangenes. Die groot getal vroue en kinders wat omgekom het was die noodwendige gevolg van slegte mediese behandeling, gebrekkige en ontoereikende voedsel en die uiters treurige huisvesting in tente, wat die somerhitte en winterkoue ondraaglik vir die bewoners gemaak het. Hierdie omstandighede blyk maar al te duidelik uit die aangrypende sterftesyfer. Die normale syfer vir Suid-Afrika voor die oorlog was sowat 16 per duisend per jaar, maar in Julie 1901 het dit in die kampe gestyg tot 228 en in Oktober van daardie jaar die verskriklike syfer van 344 per duisend per jaar bereik. Nog veel hoër as die algemene was die kindersterftesyfer, nl. in die kampe van die Vrystaat in Julie 1901 die syfer van 281 en in Oktober 629 per duisend per jaar. Vir die Afrikanervrou was die lente van 1901 waarlik 'n swart, troostelose winter, want, afgesien van haar eie liggaamlike lyding, het sy elke keer as een van haar kinders sterf, 'n swaard haar hart voel deurboor.

Ondanks dit alles was sy bereid om alles te gee vir die groot saak en het sy vanuit die kampe haar man toegeroep om

te volhard in die stryd. Met die verlies van die onafhanklikheid in Mei 1902 het dit geskyn of al die ideale waarvoor soveel opgeoffer is, verlore is. Tog was dit nie die geval nie, want hoewel die Republieke in die rook en vlamme van die brandende wonings verdwyn het, is die vryheidsgedagte des te sterker gevestig in die harte van diegene wat die lewe behou het en in die geslagte na hulle. Hoe hoër die vlamme van die brandende wonings gestyg het, hoe feller was die gloed van patriotisme in die harte van die vroue. So het hulle al die offers gebring wat hulle kon: huis en haard, die lewe van hul kinders, hulleself — alles. En die vyand het die velde van die vaderland 'n verlate wildernis gemaak met hier en daar 'n klein dorpie met 'n groot kerkhof *„waar die klein kindertjies slaap,"* soos sir William Butler in een van sy boeke so treffend opmerk. Ja! Hulle rus aan die sy van hulle moeders, maar vir die Afrikanervolk is hulle nie gestorwe nie, want hulle nagedagtenis kan nie uitgewis word nie. Hulle kerkhowe is bedevaartsoorde en hulle graftes gedenkstene wat, saam met die grootse Vrouemonument by Bloemfontein, tegelyk 'n getuienis en 'n beskuldiging is. Die spits van die gedenknaald wat na die oneindige wys, is die simbool van die hoë ideaal waarna die Boerevrou gestreef het dwarsdeur die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit is die teken van 'n opwaartse strewe vanaf 'n hegte fondament, en net so vas soos die granietblokke daar lê, so onverwoesbaar is die ideaal en so ewig die herinnering aan wat die Afrikanervrou volbring het. Maar die naald is ook 'n vinger van beskuldiging teen die vyand en roep almal toe om te onthou terwille van „ons heldinne en liewe kinders," terwille van onsself en van die geslagte wat nog gebore moet word.

O! Vrou van Suid-Afrika! In 'n oorlog waar dit die vryheid geld, het u nie geaarsel om alles te offer wat van u gevra is, en om u mans, seuns en broers te stuur om desnoods te val vir die ideaal nie. So het u gehandel tydens die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog, maar dan ook slegs omdat dit vir die vryheid van u volk was. Waar die stryd egter aangevang is met die doel om die volksvyand te help beskerm, was u net so vasberade om u mans en seuns weg te hou van die oorlogstoneel, want u het geweet dat dit nie gaan om die vryheid nie maar om die welsyn van die vyand wat verantwoordelik was vir die kerkhowe „waar die kindertjies slaap." Daarom was die weg wat u in die verlede bewandel het, nog steeds reguit en oopgetrap sodat dié wat ná u kom, dit kan sien en volg.

*D. W. Kruger.*

# DIE VROU IN DIE OORLOGSJARE

MET 'n nasionale stryd en volksvernedering soos wat die binnelandse stryd vir die Afrikaner meegebring het in die oorlog van 1939—1945, deel die vrou uiteraard die historiese lot van die volk, maar sy speel ook 'n bepaalde en afsonderlike rol wat nie so opvallend en opspraakwekkend is as die van die man nie, maar wat soos 'n gedempte ondertoon deur die groot geluide van geweldige gebeurtenisse ruis en wat gewoonlik des te meer gevoeligheid en leed inhou omdat dit 'n sagte en menslike klank is in die geskal van onpersoonlike en gewelddadig-konkrete botsings in die buitewêreld.

Die ondertoon van vroueleed en wil en werk was dan ook een van die mooiste klanke in die stryd vir Afrikanereer in die afgelope oorlog. Nie alleen was dit dikwels die vrou wat die meeste en die kranigste gely het onder die viktimisasie, gevangesetting en agtervolging van Afrikanermans nie, maar sy het baie dikwels gelei in die handhawing van 'n verset-organisasie, die uitvoering van verset-aksies en die beskerming en behoud van die slagoffers van die owerheid se groot poging om die Afrikaner te vervolg.

In die kommando's van die O.B. was dit jare lank vroue wat in baie afdelings die tou styf gehou het en wat offisiere gelewer het waaruit leiding en besieling straal. Vroue het daardie besielende protesmars en vredesbeweging van stapel gestuur, en georganiseerde vroue was die spankrag in die groot en duursame noodlenigingsaksie. Individueel het vroue huissoeking, ondervraging, dreigemente, vervolging en vernedering deurstaan op 'n wyse wat van mond tot mond oorgelewer word aan komende geslagte tot ewige roem van die Afrikaanse vrou.

Die brandpunt van die vroueverset is ook saamgetrek in die Ossewabrandwag en meegaande noodhulporganisasies. In die Ossewabrandwag is parallelle vrouekommando's gevorm met hulle eie offisiershoofde. Enkele eenhede het hulle eie blousis-uniform ontwerp en gebruik, terwyl die tradisionele Voortrekker-drag (in wit) min of meer spontaan die erkende seremoniële drag van die vrouekommando's geword het.

Die taak van die vrouekommando's was, soos tewens die hooftaak van die mans, om 'n georganiseerde blok van morele verset te wees teen die Afrikaans-vyandige oorlogsregering en om as aparte liggaam gereed te staan vir politieke of aktivistiese optrede ten bate van die Afrikanerdom indien die geleentheid daartoe hom sou voordoen.

In die jeugafdeling van die O.B. het die vroue uiteraard ook leiding geneem en die grootste gros van offisiere en instrukteurs gevorm. Namate die stelselmatige viktimisasie van Afrikaners deur die Boerehaters in die regering en daarbuite toegeneem het, was dit ook weer die vroue wat in die eerste plek moes inspring om gereed te maak om nog uitgebreider

viktimisasie die hoof te bied en om verligting te bring waar die owerheid daarin geslaag het om eerbare Boere, en veral hulle vrouens en kinders, van 'n heenkome te beroof.

Hieruit, en veral uit die ellende wat gevolg het op die spoor van die willekeurige internering en gevangesetting van Afrikaners, is die noodhulpfondse en -organisasie gebore, en daarin het die vroue in die oorlogsjare miskien hulle grootste prestasie behaal.

Hier het dit nie slegs daarom gegaan dat die kommando's in groot stede soos Pretoria, Johannesburg en Bloemfontein vir maande aaneen gesorg het vir maaltye vir die verhoor afwagtende politieke gevangenes nie, maar dat die O.B.-vroue landswyd gewerk en geswoeg het om dwarsdeur die land groot somme geld te verdien en in te samel ter leniging van die nood van soveel verdrukte en gebroke Afrikaners.

Trouens, dit was die vroue wat die grootste bydraes gedoen het tot die geldelike behoeftes van die Ossewabrandwag, beide in sy gewone administratiewe organisasie en sy noodhulpaksie, en sonder die werk en bydraes van die Afrikanervrou sou die hele beweging eenvoudig in onmag verloop het.

Vroue-afdelings en offisiershoofde het natuurlik ook swaar gely toe die botsing tussen O.B. en party eers in die Afrikanergeledere ontbrand het, maar van die hardste kern van O.B.-ondersteuners wat deur die jare heen stand gehou het, is enkele vroue-afdelings en offisiere van die vrouekommando's.

Op verskeie sentra, en sonder georganiseerde samehang, het begaafde vroue ook leiding geneem in die organisasie van vermaaklikheid vir die Brandwagte en Afrikanerdom in die algemeen. Hier was patrioties geïnspireerde en anti-regeringgerigte hekelsang en pret aan die orde. Organisasies soos Anna Neethling-Pohl se „Katdorings" met hulle oorspronklike musiek, hekeldigte en spotliedere het onberekenbaar veel bygedra tot die moreel van die versetbeweging en 'n blywende erfenis van ligte vermaaklikheid vir die Afrikanerdom nagelaat.

Toe die Afrikanervervolging in die loop van die oorlog toegeneem het en die getal vlugtendes, ontsnaptes en tegnieswederregtelikes tot enige honderde aangegroei het, was dit weereens die vroue wat die vlugtendes moes herberg en dikwels oor die weg help. Dit was meestal vroue wat met koel en onvervaarde optrede die aanwesigheid (en verdwyning!) van hulle „vlugtige gaste" geheim moes hou of doodnatuurlik laat voorkom, en dis 'n blywende kompliment aan ons Afrikanervroue dat soveel manne aan die einde van die oorlog nog vry te velde was en dat talle ander vir sulke lang tydperke tussen die owerheid se polisielakeie en huurlinge sonder uniform kon uitbly om die versetbeweging te voer.

Een van die grootste en indrukwekkendste anti-oorlog-aksies is dan ook uitsluitlik deur vroue georganiseer en uitgevoer. Ons doel hier op die vroue-optog van 22 Junie 1940 en die

daaropvolgende Vroue-Vredesbeweging wat 'n petisie met 150,000 naamtekeninge aan die parlement aangebied het waarin gevra is vir die onmiddellike sluiting van 'n eerbare vrede en die beëindiging van die viktimisasie en vervolging van volksgetroue Afrikaners.

Die Vroue-optog is op Maandag, 17 Junie 1940 gekonsipieer deur 'n groepie Pretoriase vroue wat vanaf 18 Junie aan die werk gespring het om die aangrypende volksdemonstrasie van protes te reël op Saterdag, 22 Junie. Omdat die beweging slegs 'n uitdrukking was van die volkswye gevoel van opstand teen die kwaad van 'n anti-Afrikaner-tirannie wat gedra is deur die ongemerkte omkoopgeld van maklike soldy en baantjies vir boeties op lank uitgestelde inflasierekening, kon die komitee van twaalf vroue uit die volk slaag om 'n verteenwoordigende optog van vrywel 10,000 vroue te monster om in gelid na die Uniegebou te loop. In Kaapstad het enige duisende vroue gelyktydig vergader om hulle in die protes aan te skakel, en op baie ander plekke is kleiner vergaderings gehou, terwyl 4,000 persone deur telegramme en nog 4,000 deur skriftelike berigte hulle ondersteuning aan die oogmerk van die optog toegesê het.

Wyle mev. H. E. C. Armstrong, 'n veteraan onder die vroue wat gely en nie oorwin is in die Engelse Oorlog en die 1914—'18-oorlog nie, het die leiding van die beweging op haar geneem, tot sy op die vooraand van die optog deur haar laaste siekte neergetrek is en nie aan die optog en oorhandiging van die petisie kon deelneem nie.

Mevv. Sannie Broers, Annatjie Stoffberg (weduwee van senator Stoffberg) en Nata Eloff van die komitee het toe die petisie aan die adjunk-Eerste Minister oorhandig, terwyl onder andere die drie hoeksteenlegsters van die Voortrekkermonument, mevv. Ackerman, Muller en Preller, hulle aktiewe steun aan die betoging toegesê het.

Die petisie aan die Staatshoof het as volg gelees:

> „Namens die Afrikaanse moeders, vroue en dogters en die tienduisende wat in die gees aanwesig is en ons versoekskrif steun, wens ons die Hoogedele Regering in alle beskeidenheid met die diepste erns waaroor ons beskik te versoek om, eerstens, nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van benadeling ookal, druk uitgeoefen word op die burgers van ons staat ten einde hulself beskikbaar te stel vir militêre diens buite die Unie nie hetsy deur privaat werkgewers of deur die staat, en tweedens, onmiddellik 'n eerbare en regverdige vrede met die lande met wie ons in oorlog verkeer, te sluit."

Die optog self was een van die indrukwekkendste tonele van die kwart-eeu, 'n toneel om weer in herinnering te roep:

Teen nege-uur in die môre is die plein reeds gevul deur 'n groot, rustige vroueskaar. Blankwit, helder tafsy en blomstof



*Ontvangs van Elsa Nel na haar loslating uit die tronk*

# Eer Haar Die Vrou




„Eer haar die Vrou" — dit is 'n deel van die musiekdrama in Koffiefontein-Interneringskamp deur Danie du Toit gedig en getoonset; en dit is in die kamp vir kooroefening oorgeskryf en gesing.

Voortrekkerkappies en rokke, deurstippel met die soberder kleure van alledaagse drag, smelt saam tot 'n skilderagtige tafereel soos 'n bont somerse blomtuin. Voortdurend stroom die vroue binne by die vier poorte van die amper ronde plein, en langs die balustrades aan die suidekant en die kettingskeidings aan die noorder-helfte versamel 'n steeds digter wordende skare mans. Op die plein word die vroueskaar vinnig, stil en doeltreffend georden deur die organiseerders. Deur die luidsprekers klink die organisasiebevele en boodskappe aan die vrouens.

Die ondertekenaars van die versoekskrif neem plek in motors wat op die plein wag; die oudste vroue wat tot die lang staptog nie meer in staat is nie, word ook in rytuie gehelp. Elke vrou word voorsien van 'n aandenkingsprogram.

Toe die stad se klokkespel die tiende uur aankondig, is alles gereed. Met stiptheid wat by meeste militêre maar net 'n wens bly, het die Boerevrou haar orde opgestel.

Nou lees een van die komiteelede die versoekskrif voor, en dan neem dr. P. J. S. de Klerk die woord oor die luidspreker. „Zalig hy die in dit leven Jacobs God ter hulpe heeft" galm die statige melodie van ons nasie se uittoglied van die duisende vroue op, en die gesang dein ver oor die besige klerk en sakeman, wat in sy kantoor stil word.

Die stad het verbyster geraak deur daardie skouspel. Daar het wyding en gevoel gekom wat die gerug en gejaag van die stad verstil het. Duisende en duisende mans staan as verslae toeskouers om die plein; veral by die uitgang van die plein na Paul Krugerstraat staan 'n ontsaglike skare. In die bome langs Paul Krugerstraat wag jong mans en seuns om te sien, in die vensters, op die balkonne van die groot geboue om Kerkplein is elke plek beset deur toeskouers. Uit die ou Raadsaal en Paleis van Justisie, wat van die Republikeinse dae af staan, kyk ook talle stomgeworde toeskouers. Aandoening oorweldig die menigte mans toe hulle daardie vertrouenslied van hulle vroue hoor: „Zalig hy die in dit leven . . . . " Ongewilde trane wel op en blink in die oë, vloei oor die gesig. Toe die vroue voorwaarts gaan, hef 'n onbekende naby die uitgang aan: „Dat's Heren zegen op u daal . . . . " Daarna, sterker, klink dit van die omstaande mans op: „Kom treên wy dan gemoedig voort . . . " Spontaan haal die mans eerbiediglik hulle hoede af.

Alle terughoudendheid breek weg. Die vroue word aangegryp deur 'n gelouterde kalm roepingsbesef, en hulle marsjeer vooruit met stralende gesigte, stil in die hewige spanning van aandoening. Die mans se trane vloei vry. Bebaarde eggenote van vroue wat loop, onbekende jong seuns, kranige polisie wat weet dat die vroue ook hulle regte vra, word saam oorweldig deur die aanskoue van vroue wat so stil en vreesloos en onbedwingbaar gaan in 'n demonstrasie van opperkrag wat geen dwinglandy kan aantas nie. Die stad vereenselwig hom met die optog.

Dit is die vrou van die Boerenasie wat daar stap en vra om vryheid. Haar aanwesigheid verhef die agterstraat van die hoofstad tot 'n voorstraat; sy verhef 'n verslane volk tot 'n strydmoedige mag. Tot by die Uniegebou gaan die optog, waar mevv. Broers, Stoffberg en Eloff die versoekskrif aan die Regering oorhandig terwyl die stoet met die trapweg afdaal deur die tuine van die staatsgebou na die groot oop grasperke onder, omdat ook die gebruik van die amfiteater by die Uniegebou aan hulle geweier is. Soos 'n vonkelende waterval stroom die oneindige rye met daardie trapgang af, tussen twee walle van toeskouers deur. Byna tienduisend moeders en dogters kom tot op die end van die groot demonstrasie.

Geen wonder dat die Engelse pers teen hierdie daad magtelose gal moes braak nie, soos die **Rand Daily Mail** op 26 Junie 1940 wat sê:

„The arrangements made for the procession give proof of meticulous care (na vier dae se voorbereiding) for detail and acute perception of political propaganda based on hysteria and emotionalism.

„Women had been brought from all parts of the country, including the Cape Province and South West Africa to swell the procession."

Die vroue wat ongetwyfeld die swaarste geboet het, was die honderde moeders, eggenotes, verloofdes of nabye verwante van die mans wat geïnterneer is, in die gevangenis gestop is of moes vlug om hulle vryheid.

Daar was talle gevalle soos die van 'n pasgetroude vrou in die Vrystaat wat haar eerste kind in die wêreld moes bring terwyl die eggenoot in die kamp sit en haar eie ouers se medelyde verdun is met verwyt omdat hulle dupes was van die owerheid se oorlogshitsing.

'n Ander vrou moes in briefwisseling opmerk hoedat haar man geestelik gekrenk raak weens die onreg wat hy ly en met die magtelose hulpmiddels van geskrif sy verwilderende gees probeer red, tot sy hom uiteindelik as 'n wrak op die grens van kranksinnigheid uit die kamp terug ontvang het om soos 'n kind op te pas dat hy nie sy hand slaan aan sy eie lewe, wat vir hom ondraaglik geword het nie. Uiteindelik is die spanning van haar lang wake en wisselende moed en hoop gebreek deur die geweerskoot waarmee hy homself van sy spanninge verlos het.

Ander vroue moes weer die ontwrigting van die huisgesin se geldsake te bowe kom. Hulle moes planne maak, betreklike gebrek duld en die vernedering smaak om te ontvang of te vra — net om die gesin aanmekaar te hou en die man in gevangenis altyd hoopvolle berigte te laat kry.

Maar dit was nie al nie: met ondervraging van Afrikaners wat verdink is van optrede wat tot arres of internering kan lei en daarmee gepaard gaande huissoekings, is vroue blootgestel aan die grootste vernederings en bullebakkery.

Mev. R. is vir ondervraging aangekla terwyl haar agtien maande oue kind by toevallige vreemdes gelaat is, en sy is bedreig met gevangesetting as sy nie die verlangde inligting verskaf nie, nieteenstaande dat haar man reeds aangehou is en sy 'n wild vreemdeling in Johannesburg was sonder enige versekering dat haar kind huis of hawe sou vind as sy aangehou word nie! Nogtans het sy nie kop gegee nie!

Verloofdes is bedreig met gevangesetting as hulle nie hulle aanstaande verraai nie, en vroue is dikwels onder sulke dreigemente onderwerp aan urelange ondervraging, maar uit al die honderde gevalle van dergelike skromelike vervolging is geen geval van verraad geboekstaaf nie en het die Afrikaanse vrou roemryk uit die smeltkroes voortgekom!

Bekendste van die gevalle van vrouetrou is die geskiedenis van mej. Elsa Nel, wat verdink is daarvan dat sy geweet het van die skuilplek van twee ontsnapte geïnterneerdes. Sy is ondervra maar wou nie praat nie. Toe is sy kragtens die kriminele kode voor 'n magistraat gedaag en onder straf van opsluiting is sy gevra om die verlangde getuienis te lewer. Sy het weer geweier, en die magistraat het haar 'n laaste paar dae bedenktyd verleen om te oorweeg of sy nie liewer sal praat eer hy haar tronk toe stuur nie.

Toe het die ander vroue daarvan gehoor, en toe Elsa vir die laaste keer voor die hof kom, was die saal gevul met Afrikanervroue met vierkleurstrikke op die bors.

Gespanne tonele het afgespeel. Die dreigemente van die magistraat is onderbreek met mompelings, sy vonnis van agt dae tronkstraf is verdoof deur uitroepe van skande en die refreine van „Kent gij dat Volk." Onder gesang en gebed is Elsa met die vangwa vervoer na die selle, en toe begin die reaksie van die Afrikanerdom eers!

Elke môre was daar oggendgodsdiens (uit volle bors) in die straat naby haar selvenster, en elke dag het die skare simpatiseerders in Voortrekkerdrag groter geword. Daagliks het die Afrikaanse pers kragtig gereageer saam met die opstuiwende Afrikaanse volksgevoel, wat in Elsa Nel 'n simbool gesien het van al die smaad en onreg wat die nasie ly onder die owerheid se hande en van die adel van ons opstand teen die kwaad.

Soos deur 'n bestiering was Elsa se termyn van gevangesetting om op die oggend van 16 Desember 1940, en die vroue was daar in hulle duisendtalle in die strate om die polisieselle om Elsa terug te ontvang in vryheid as 'n simbool van triomf. Sy is in 'n triomfantelike en juigende optog geneem na die Wonderboom-Dingaansfees, waar dr. J. F. J. van Rensburg juis spreker was. Haar vervolging en triomf het tema en simbool geword van daardie gedenkwaardige fees en die keffers van die owerheidstirannie het nie weer gedurf om aan haar te raak nie! As gevolg van haar voorbeeld was daar waarskynlik ook nooit weer 'n geval van gevangesetting van 'n Afrikanervrou nie!

So het Elsa Nel simbool geword van die Afrikanervrou se trou en moed in die Tweede Wêreldoorlog, 'n kragtige teken van duisende wat ook in haar voetspore getrap het, 'n naam wat deur die lang suilegang van eeue Afrikanergeskiedenis sal klink in die geselskap van onsterflikes — die enigste ewige uit ons oorlog sonder wapens.

*F.*

---

## HAAR OPOFFERING TUIS

GESPANNE, byna kortaf, klink die vrouestem oor die telefoon: „Die speurders het my man kom haal." „Wat, wie, waarom?" probeer ek vra. Ek het nouliks my vriendin se stem herken, toe vervolg dit alweer: „Hulle gaan hom interneer, en hy moet binne 'n uur vertrek". „Hou jou kalm, ek kom dadelik", troos ek en voeg die daad by die woord.

Daar aangekom tref ons die gesin in 'n toestand aan wat meer van verontwaardiging as van skrik of vrees getuig. Ja waarlik, die hoof van die huis, 'n vooraanstaande Afrikaner, is aangesê om onder begeleiding na die Koffiefonteinse interneringskamp te vertrek.

Waarom dan? Dis 'n geheim, dit sal later bekend gemaak word. Heelwat later is dit dan ook, onder die strengste geheimhouding, aan hom bekendgemaak. Hy kan appelleer, ja, maar wat sou dit help as hy eers agter die doringdraad gevange sit?

So is hierdie vaderlander, saam met so baie ander van dieselfde oortuiging in ons land, uit sy huis en werkkring weggeneem om vir 'n onbepaalde tyd in kamp of gevangenis opgesluit te sit. Van wat die manne in hul gevangenskap moes deurmaak, het ons al baie gehoor, en dit sal ook seker wel in die geskiedenisboeke opgeteken word. Ons en ons nageslag sal dan ook die verhale van hul dade en ondervindings met graagte lees en inspirasie daaruit put.

Die lot van die alleengelate vrou word egter so lig vergeet. Dis ook moeilik om oor haar te skryf. Sy wat maar altoos in oorlogstyd die spit moet afbyt, wat moet mens van haar sê? Dis soveel makliker om oor die mans te skryf. Hulle het die avontuur, die verandering gehad. Vireers was daar die optrede, in die geheim of andersins, wat aanleiding tot hul gevangeneming gegee het. Hulle was „gevaarlike mense" vir die staat en „helde" in die oë van hul vriende. Op die stasies was daar groepe simpatiseerders wat met vlae en volksliedere van hulle afskeid kom neem het. So gaan die man weg, en as hy na maande of jare terugkeer, is dit weereens huldeblyke en word daar met lofbetuigings gekyk na die koffervol selfgemaakte voorwerpe wat getuig van nuttig bestede tyd.

Maar die vrou? Vir haar was daar geen huldebetoon nie. Nee, sy verwag dit dan ook nie. Hoogstens sal 'n vriendin

aanbied dat van haar groot seuns haar snags sal oppas of 'n ogie oor die tuin, die boerdery of die saak help hou, maar soos dit maar gewoonlik is, duur dit nie te lank nie. Sy besef maar al te gou dat huis, boerdery of saak haar verantwoordelikheid is en dat sy die man se pligte ook op haar moet neem. Tyd of geleentheid vir hulpbetuigings of spesiale okkasies is daar ook nie. Die man is weg, sy salaris of loon is weg of in die weegskaal, en sy en haar kinders moet eet en slaap.

Hoeveel angsvolle en slaaplose nagte het sy nie deurgemaak nie! Die onsekerheid van haar man se toekoms, die besorgdheid oor sy gesondheid, sy etes en, ag, die honderde liefdetakies wat sy so vanselfsprekend vir hom gedoen het en hy nou alles moet mis. Daar is ook die kinders. Wat sal sy kan doen om iets by te verdien sodat hulle netjies na skool kan gaan en hulle maaltye nie afgeskeep word nie? As hulle tog maar gesond bly en nie nog dokters- of hospitaalkoste ook veroorsaak nie. Die paaiemente op huis of erf wat vereffen moet word, en ja, daar is die assuransiegelde ook nog wat betaal moet word! Geen wonder dat daar die eerste nagte van slaap maar min kom. Maar dit skyn of die vrou 'n verborge bron van moed en deursettingsvermoë het waar sy in sulke omstandighede uit kan put.

U sal wel sê dat elke vrou wat haar man verloor, deur die dood of andersins, voor soortgelyke toestande te staan kom. Sy moet dan tog ook haar man se plek volstaan. Ja, dis waar, maar dan is dit geen opoffering nie: dit kan nie anders nie. Dis die natuurlike beloop van die lewe. Gewoonlik word daar ook voorsiening gemaak vir sulke gebeurlikhede. Daar is die assuransiepolis, een of ander nalatenskap of pensioen. Die opoffering bestaan daarin dat die daad van die man geïnspireer was deur vaderlandsliefde en dat sy optrede vir die heil van sy land en volk was. Hy en sy het wel besef dat daar gevaar aan verbonde is maar het dit vir die doel oorgehad. Deur anders te handel of glad nie te handel nie kon hulle dit verhoed het.

Laat ons die vroue van ons geïnterneerde en gevange mede-Afrikaners bietjie vergelyk met dié wat in die Engelse Oorlog in die konsentrasiekampe gaan wegkwyn het. Watter vroue het in die kampe gesit? Nie die van National Scouts nie; nee, dit was die vrou van die burger in die veld. Sy het saam met haar man gevoel en geweet hy veg vir die reg van sy vrou en kind. Sy het dan ook vanuit die ellende van die konsentrasiekamp hom aangemoedig om vol te hou. Dit was haar offer. Saam het man en vrou en kind hul offers gebring, terwille van dieselfde ideaal.

Het ons die reg om die slagoffers van die jongste Afrikanervervolging met die heldinne van die Engelse Oorlog te vergelyk? Geen oomblik twyfel ek om op hierdie vraag volmondig „Ja" te antwoord nie. Daar was uitsonderinge,

natuurlik, net soos daar ook wel in die verlede al gewees het. Daar was vroue wat dit hulle mans kwalik geneem het dat hulle so in die moeilikheid gedompel is. Daar was gevalle dat die vrou nou ten enemale nie kon begryp waar dit om gaan nie, en verwyte het gevolg. Sy was ook nooit deur haar man ingelig wat aan die gang was nie en die inhegtenisneming was vir haar 'n groot skok. As sy besef het waar dit om gaan en dat dit dan tog vir haar man 'n hoogstaande en ernstige saak is, sou sy wel seker kon berus het. Miskien was so 'n vrou juis meer te bejammer as die vrou wat in die vertroue geneem is en trots kon voel dat haar man terwille van sy oortuiging (en ook hare) kon ly en sy met hom.

Selde het ek aanleiding gevind om die vrou van 'n geïnterneerde of gevangene hierom of om ander redes te bejammer, ek kon hulle in die reël slegs bewonder.

In heel enkele gevalle was daar geen gebrek aan stoflike middele nie of kon sy met haar kinders by familielede inwoon. Sulke gesinne kon dan betreklik onbesorg die terugkoms van hul dierbares afwag. Tog was hulle nie altyd die geduldigste nie, wat 'n mens dan ook wel kan begryp. Dis die vrou wat so besig was dat sy byna nie tyd vir dink of treur het nie wat die beste haar ewewig bewaar het en na die uiterlike altans ongestoord haar gang gegaan het. Nogtans was hul lot, een en almal, ver van benydenswaardig.

Laat ons dit vir ons probeer indink. Mens kan verstaan en dit ook in 'n mate verdra dat die gesinne wat van owerheidsweë onder verdenking was, gedurig aan vervolging en snuffeltogte blootgestel sou wees. Dit het dan ook nogal sy komiese sy gehad. Menige huisvrou het op die manier met offisiële hulp voorwerpe teruggevind wat al jarelank soek was. Veral as die kleingoed se speelgoedkaste deurgesnuffel word, het daar vergete voorwerpe te voorskyn gekom.

Nie alle amptenare het die netelige taak met die nodige kiesheid of beleefdheid verrig nie. Nee, sommige was daarop uit om die vroue te tart en te beledig, veral ook as gekleurde bediendes ingeroep word om teen hulle werkgewers te getuig. Dit was alles draaglik en te vergewe, en die vroue het met eer daarvan afgekom. Wat egter gekrenk het, was die verwyte en verdagmaking van familie en vriende, gewoonlik gerig aan die adres van die afwesige man, sogenaamd uit medelye met die vroue. Dan moes die vertroue in haar man, asook die oortuiging vir hulle saak, sterk wees. In heelparty gevalle was die vrou nie eers op hoogte van haar man se bedrywighede nie. Juis ter beskerming van vrou en kind het die man dikwels sy sake dig gehou. Dit het tog dikwels in die Engelse Oorlog ook gebeur dat die burger vir sy vrou dinge verswyg, nie omdat hy haar nie vertrou nie, maar dat sy, as die vyand haar ondervra, met 'n rein gewete kan getuig dat sy van die saak niks weet nie. Dit was deel van die offer wat ons vroue moes bring: onwetend

vertrou en standvastig verdra. Die spot en verwyt van hul eie mense in gebaar, woord en geskrif was seker die swaarste wat hulle moes verduur. Hoe het hulle nie ook ondervind watter groot kwaad die verdagmakery kan berokken nie. Hoe bitter is dit nie om gedurig jou standpunt te moet verdedig en dit teenoor dié wat na regte net soos jyself behoort te voel. Soos wel te begrype is, het sy van dié soort familie of vriende geen finansiële hulp ontvang nie. Dit sou ook swaar gewees het om dit te aanvaar.

Gelukkig was daar helpers in die nood. By die regering kon aangeklop word om 'n klein steun, nl. die sogenaamde „Moedershulp" wat by wyse van liefdadigheid toegestaan is mits die vrou nie self verdien nie. Nie 'n maklike saak, voorwaar, om daarom aansoek te doen nie. Geen wonder dat hierdie soort hulp in baie gevalle heeltemal genegeer is nie. Anders was die gehalte en omvang van die bystand wat die O.B. aangebied het. Van elke geval is so goed moontlik 'n studie gemaak en vasgestel hoe op die mees doeltreffende manier gehelp kan word. 'n Plaaslike dameskomitee het die versorging in elke dorp of streek onderneem. Soms was slegs 'n bietjie advies nodig. Soms was dit 'n kwessie van vervoer. In die meeste gevalle moes gereelde finansiële hulp verleen word. Hoeveel keer het ons nie ondervind dat daar waar die hulp die meeste nodig was, mens tog die versigtigste moes optree. Daar moes eers vertroue gewen word en verduidelik word dat dit vir ons 'n voorreg is om hulle te kan help en dat daar van liefdadigheid geen sprake is nie. In 'n sekere geval het die vrou gedink dat dit 'n lening was en sy wou dit glad nie aanvaar nie omdat sy haar man se laste nie swaarder wou maak nie. Ons het toe maar weer mooi verduidelik dat die O.B. dit as sy deel van die stryd reken. Die beproefde gesin kon dit toe ook met vrymoedigheid aanvaar. Waarskynlik het die belangstelling en die gees waarin hulp aangebied is, vir hulle nog meer beteken as die stoflike bydrae self. En wat het die besoeke aan hierdie gesinne nie vir hulle beteken wat dit onderneem het nie? 'n Mens sou graag meer in besonderhede wil gaan maar vind dit moeilik om te onderskei.

Daar was wel 'n enkele geval waar jy met 'n „verkeerde" vrou te doen kry, maar sy was in die reël te bejammer, nie omdat haar broodwinner weg was nie, maar omdat daar iets geskeel het met haar lewensbeskouing en lewenswandel.

Hoe inspirerend was 'n besoek dan nie weer aan die jong vroutjie wat haar man in 'n verswakte toestand vir drie jaar na die gevangenis sien gaan het nie. Hulle het mekaar dan ook in al die jare nie eenkeer gesien nie. Nogtans moes jy dit weet, want aan haarself kon jy dit nie merk nie; sy het met haar kindjie die dag van weersien blymoedig en vertrouend afgewag, en die hoop is nie beskaam nie. Daardie gesin maak

dan ook dankbaar melding van die seëninge wat hulle juis in daardie dae mog ondervind.

Ons dink aan die vroue wat onmiddellik 'n verdienste gesoek het. Daar was wat elke beskikbare tydjie aan naaldwerk bestee het, wat 'n hoenderboerdery begin het of haar liggaamlik byna gebreek het met plaaswerk. Ander wat meer gelukkig was, kon 'n tydelike aanstelling by die onderwys of in 'n kantoor vul. Dit was ook maar meestal 'n moeilike dubbele taak, want die huishouding en kinderversorging mog nie in die slag bly nie.

So het die Boerevrou nogmaals bewys dat sy nie bejammer wil word as sy haar offer vir land en volk moet bring nie; dat sy ook nie met handjies oormekaar gaan sit en treur tot haar man weer eendag vrygelaat word nie.

Soms kon 'n mens tog darem jou lag ook nie hou nie en moes die besoekster saam met die vrou van die huis die humor van die situasie geniet. Dis nou maar eenmaal die Afrikaner se geaardheid om in die moeilikste omstandighede die grappige raak te sien en te geniet.

'n Sekere vroutjie — ag ek sou so graag baie van haar wil vertel en hoe voorbeeldig en dapper sy onder die moeilikste omstandighede was, maar die ruimte laat dit nie toe nie — die vroutjie dan het jarelank op haar man se loslating gewag — hy was altesaam sewe jaar lank opgesluit. Geen wonder dat sy die dae en maande begin tel het dat hy sou vrykom nie. Maar ag, sê sy dan, die man van my is tog so 'n kwajong, telkens probeer hy ontsnap en moet dan weer 'n tydlank in die kettings deurbring. Dit alles vergeet sy net die volgende oomblik as sy uitreken hoeveel van sy vonnis hom vir „goeie gedrag" kwytgeskeld gaan word!

'n Ander dame — ja, van haar voorbeeldigheid sou mens ook baie kan vertel — het ons eenmaal haar waardering betuig vir die welgemeende pogings om haar man uit die interneringskamp te kry. Maar, peins sy, is dit alles nou wel die moeite werd? Hy is so 'n warmkop dat hy na alle waarskynlikheid net so gou weer teruggestuur sal word.

Wat kan nog alles vertel word van siektes in die families, van dood van dierbares en die finansiële moeilikhede wat dikwels daarmee gepaard gegaan het; van kinders wat groot word en die raad van die vader so nodig het; van die seun of dogter van wie die studieplanne nou maar vireers uitgestel moet word. Gelukkig dat in die meeste gevalle daar ook weer uitkoms gekom het.

Maar dis te begrype dat die tyd sy spore nagelaat het. Menige vrou het toe 'n knak gekry wat sy nooit te bowe gekom het nie.

Ons hulde aan haar wat nie alleen haar gesondheid nie maar ook haar lewe ten offer gebring het.

*C. A. van Rooy.*

# HAAR ONDERVINDING*

MY man is die nag van 27 Mei 1942 gevange geneem, 'n nag wat in my herinnering en die van die meeste vrouens wat so iets deurgemaak het, altyd helder sal bly, omdat dit so verskriklik was. Omtrent eenuur is daar meteens rumoer rondom die huis, aan die deure word geklop, gelui en geruk, en dadelik het my man geweet: „Die speurders", het hy gesê en uitgegaan. Ek meen die hele bende politieke speurders was daar; hulle het die huis beset, my man in die sitkamer ondervra en die huis deur en deur gesoek, en nie tevergeefs nie! Bo-op die kas agter die kinders se speelgoed het hulle 'n papiersak met reageerbuisies, 'n flessie met wit poeier en nog 'n koevert met swart poeier gekry, alles kompleet om brandbommetjies te maak. Net die suur het ontbreek. Hulle het lank en goed gesoek, elke laai omgekeer en die inhoud uitgeskud, onder die matrasse, die kussings deurwoel, maar tevergeefs. Daardie sak met goed het nie aan my man behoort nie; hy het nie eers geweet dat dit daar was nie. Toe hulle dit vir hom wys, het hy gedink dis goed wat hulle daar gebring het. Hulle doel was in die eerste plek om twee S.J.'s wat by ons tuis was vir 'n paar weke, te kom vang en my man dan saam te neem. Die S.J.'s was nie meer daar nie, maar my man en 'n susterskind van my is toe daar weggeneem, soos ons gemeen het vir ondervraging; maar baie gou het ons gesien hulle sal alleen terugkom as hulle verraad pleeg en vertel waar die kêrels is wat by ons tuis was. Nie my man of my susterskind of ek het geweet waar hulle is nie, maar dit wou die speurders nie glo nie. So het my man ses weke lank in die gevangenis as politieke misdadiger gebly voordat hy en ander weggestuur is Koffiefontein toe.

Na die eerste gevoel van verslaenheid en verlatenheid en huilbuie verby was, het ek my reggeruk en my pligte weer opgeneem, en die lewe het sy gang gegaan, maar sonder my man. Met vier seuns wat versorg moes word, was daar nie tyd vir sit en treur nie. Solank my man in die gevangenis was, het ek hom soveel kere as wat ek toegelaat is, gaan besoek, meestal in die kantore in Balgownie-gebou onder die oë van 'n offisier. Dikwels het die volgende gesprekke plaasgevind: „Mevrou, as jy jou man kan beweeg om vir ons te sê waar daardie S.J.'s is, kan hy saam met jou huis toe gaan." Vir hom sê hy weer: „Is dit nie vir jou vreeslik om jou vrou in hierdie toestand te sien nie; kan jy nie terwille van haar vir ons sê waar daardie mans is nie?"

Ses weke lank het hulle so probeer; toe is hy weg Koffiefontein toe. Van toe af was my lewe 'n lewe van wag; wag op die pos, wag op antwoord op vertoë aan die minister, aan die direkteur van interneringskampe, of op antwoorde van

---

* 'n Tiperende voorbeeld van wat so baie moes verduur. *(Die Red.)*

persone wat belowe het om hulle invloed te gebruik om hom ontslaan te kry, en wag vir die sesmaandelikse besoeke, wag dat die tyd verby moet gaan, wag en nogmaals wag.

Intussen het ek alles in my vermoë gedoen om my man deur 'n onpartydige hof te laat verhoor; die vervolger en die magistraat het gesê: „Wat teen jou man ingebring word, is genoeg om die regering agterdogtig te maak, maar suspisies is nie genoeg vir 'n hofsaak nie." Daarmee moes ek tevrede wees.

Ek was buitengewoon gelukkig om in ons huis te kon bly. Dit was 'n groot voorreg, want om met jou jong kinders swerwende te wees, sou ondraaglik gewees het. Hulp het orals vandaan gekom om ons in staat te stel om so goed moontlik aan te gaan. Van die O.B.-Noodhulpfonds het ons natuurlik elke maand ons tjek ontvang, met elke Kersfees het ons 'n groot mandjie vol verrassings en nodige dinge ontvang, en dan was daar die gesellige byeenkomste met Kersfees waar die kinders van al die geïnterneerdes presente ontvang het en heerlik getrakteer is. Daar het die K.G. en ander offisiere gewoonlik woorde van bemoediging tot ons gerig. Altyd het daar 'n vrolike stemming geheers, en al het oë dikwels van trane geblink, was daar nooit wanhoop en verslapping nie. Van baie liewe vriende het ons hulp ontvang. Ds. K. het elke week van die byna drie jaar lange internering vir ons 'n mandjie groente en vrugte gebring. Hollandia-melkery het al die tyd drie pinte melk per dag verniet afgelewer. Die kruideniers het 10 persent afslag op die rekenings gegee. Toe my linnekas op 'n keer leeg gesteel is, het ons kommandant vir my £20 kom gee om my weer van die nodigste te voorsien. 'n Ander vriend het gereeld maandeliks £5 in 'n koevert by ons afgegee. Ek sou nie kon opnoem van al die vriendelikheid en weldade wat aan ons betoon is nie. Van 'n ander vereniging het ek ook milde steun ontvang. Of al die vrouens so gelukkig was as ek, weet ek nie, maar klagtes van behoeftigheid het ons nooit ter ore gekom nie. Nooit was ons aan ons lot oorgelaat nie. Daar was baie hartseer en verlange, dikwels het ons groot verdriet gehad. Baie vrouens het siekte gehad, selfs dood, maar altyd was daar die helpende hande van die O.B.-Noodhulp. In die tyd moes ons oudste seun 'n ernstige rugoperasie ondergaan. Deur bemiddeling van 'n goeie doktervriend het ons die dienste van die beste sjirurg gehad. 'n Ander vriend het geen tyd en onkoste ontsien om 'n permit vir parool vir my man te kry nie, sodat hy tuis kon wees met die operasie. Self het hy my man met sy motor in Koffiefontein gaan haal. Oor daardie veertien wonderlike dae wat hy tuis was, hoef ek niks te sê nie. Ons seun het beter geword en my man is terug interneringskamp toe, dankbaar in die wete dat God ons naby is en dat daar altyd vriende is wat ons bystaan in ons nood.

Elke ses maande het ek my man gaan besoek. Ons is elke

drie maande 'n besoek van 2 uur toegelaat; as ek dan sesmaandeliks gaan, kry ek die besoek van die eerste drie maande en ook die besoek van die volgende drie maande. Met kloppende hart en droë kele wag ons in die wagkamertjie tot ons hom sien verbyloop tussen twee wagte met hul bajonetgewere na die kantoor toe waar hy eers ondersoek word. Eenkeer het een van ons seuns na sy vader toe gehardloop en hom om die nek geval. Dadelik jaag die wagte hom terug en sê vir my man: „Sulke dinge moenie weer gebeur nie." Daar die twee uur was bitter-soet. Daarvan kan mens tog nie vir ander vertel nie. Elke vrou weet dat wat sy daar moes deurmaak, ook 'n vorm van marteling was, hoe wonderlik en welkom dit ookal was.

En Tannie Immelmann was 'n engel! As ons harte wil breek van verdriet oor die lot van ons mans, ons eie eensaamheid en verlange na hulle, het sy met liefde haar hand op ons skouers gelê, ons moed ingepraat en vertel hoe ons ons deeltjie kan bydra. Sy het nooit tekort geskiet in simpatie en takt nie. Ons almal het haar liefgekry; ons sal altyd onthou hoe sy vir ons etes voorberei en ons bedien het; soms selfs haar slaapkamer afgestaan het as daar baie besoekers was. Ook oom Tom en Dirk was altyd vriendelik en gewillig om die verblyf vir die besoekers aangenaam te maak.

Die Boerevolk kan byna in elke gebeurtenis iets humoristies sien, maar die internering van ons broodwinners was vir ons iets vreesliks! Om ons kinders alleen op te voed en te versorg was 'n swaar taak. Etlike kere was ek na die Direkteur van Interneringskampe, ook na die Minister van Justisie om te vra dat my man losgelaat moet word. Hulle het ons altyd ontvang, maar hoe? Asof ons die bejammerenswaardige vroue van boewe is. Om elke maand self ons regeringstoelae by die nuwe magistraatskantoor te gaan haal, was net so vernederend. Die eerste drie kere was ek blind van brandende trane, sodat ek eenkeer byna geval het by die trappies, toe ek uit daardie gebou geloop het met die skatkisorder vir £9 in my hand. Die eerste maande na my man se internering wou ek die toelae nie aanvaar nie, maar later was ek wyser.

By feesgeleenthede was die K.G. altyd teenwoordig, soms net vir 'n rukkie, om weer verder te gaan na 'n ander byeenkoms. Die eer het my te beurt geval om by die ontvangs van ons K.G., dr. Van Rensburg, by geleentheid van sy verjaarsdagviering te Klipkoppies op 25 September 1943, aan hom 'n vergulde adres namens die vroue en afhanklikes van geïnterneerde en gevange Afrikaners voor te lees en te oorhandig. Hierin bedank ons die K.G. vir alles wat hy deur die Noodhulpfonds en andersins gedoen het om ons lot draagliker te maak en spreek ons vertroue in sy leiding uit. Dit was vir ons 'n groot en 'n mooi dag.

In Desember 1944 is my man vrygelaat op parool op Burgersdorp. Ek het my daarheen gehaas. Wat 'n wonderlike gevoel was dit om weer onbelemmerd bymekaar te kon wees!

In Burgersdorp het ons net soveel vriendelikheid en hulpvaardigheid ontvang. Toe was hulp vir eers nog onontbeerlik, en wonderlik genoeg het orals vandaan hulp gekom: £5 van 'n ou skuldenaar, £25 van 'n oom, £12 van 'n broer, en so word ons gehelp totdat my man weer 'n verdienste gehad het. Sy vorige werk het hy nie teruggekry nie! Toe hy geïnterneer is is hy ontslaan as lektor in Dierkunde aan die Witwatersrandse Universiteit. Na ses jaar van ander soort werk is hy eindelik weer terug in 'n akademiese werkkring in Bloemfontein. Ons seuns is al groot en studeer fluks, en ons nuwe saam wees is geseën met 'n allerliefste klein dogtertjie. Vandag is dit vir ons pragtig om te kyk na die houtwerk wat hy in die kamp gemaak het. Pragtige muurborde met inlêwerk, kissies fyn afgewerk met servetringe en eierkelkies, allerhande mooi potjies en bakkies, vir elke kind 'n paar goedjies wat hulle as erfstukke sal bewaar.

Vir die O.B.-Noodhulpfonds, die baie vriende en ander belangstellendes sê ons: „Baie dankie vir wat julle vir ons gedoen het." Wat die oorlogsregering met sy Kakie-boerehandlangers aan ons gedoen het, sal ons altyd en oor en oor vir ons kinders vertel sodat dit diep in hulle geheues gegraveer bly.

*A. Eloff.*

---

## SO KEN EK HAAR

DIE Afrikanervolk eer vandag nog die gedagtenis van die dappere Voortrekkervrou sowel as die van die vrou en moeder wat soveel lyding en smart moes verduur gedurende die jare 1899—1902, 1914—1918 en 1939—1945. Die laaste oorlog is ook al weer iets van die verlede, en onwillekeurig kom die vraag by ons op of die nageslag iets sal hê om oor te roem of trots op te wees oor wat die vrou se aandeel in die afgelope oorlog was.

Soos ons weet, het 'n deel van ons ou volkie geen deel aan die oorlog wou neem nie, diegene wat teen die oorlog gekant was en hulle opinie bietjie te hard en op te tasbare wyse teen die oorlogsbeleid geopenbaar het, moes in tronke en agter doringdrade veilig bewaak word, en dis op die vrouens en moeders van hierdie manne wat ons nageslag voorwaar weer trots kan wees.

Kan ons ons 'n groter wanhoop voorstel as in gevalle waar die versorger van 'n gesin of weduweemoeder vanaand gevang word, sonder enige waarskuwing vooraf, en van môre af moet die vrou of moeder sorg vir die gesin; skulde moet vereffen word, huis- of plaashuur moet vereffen word, en in baie gevalle was daar nie geld weggesit nie. Dis onder sulke veeleisende omstandighede dat die vrou gewys het wat in haar steek en dat sy nog nakomeling is van 'n edele en dappere voorgeslag.

Na die gevangeneming van die mans is hulle meestal sonder verhoor, skuldig of onskuldig, in tronke of kampe gestop.

Koffiefontein was een van die plekke wat seker in die geskiedenis nie vergeet sal word nie, omdat die Afrikanerkamp 'n paar jaar hier was.

Hier kon die vrouens en moeders hulle dierbares besoek, en hier het ek die voorreg gehad om met die vrouens van naby bevriend te raak, en vriendskapsbande te smee wat seker nooit verbreek kan word nie.

Hier het gekom jong vrouens wat baie swaar gekry het dog nie omgegee het dat hulle dierbares agter die doringdraad moes sit nie, as hulle tog net hulle vurige wens vervul kon sien, en die wens was 'n Vrye Republiek. Al was hulle nog so hartseer as hulle van die kamp af terugkom en jy praat net van 'n republiek, dan sien jy sommer dat alle hartseer verdwyn en die vuur in hulle oë straal.

Dan het hier gekom ou moeders van in die sewentig jaar, wat die Tweede Vryheidsoorlog in die konsentrasiekamp, of sal ek sê die moordkamp, van die Engelse was, om hulle seuns te besoek, moeders wat nog net so moedig was as enige van die jongere vrouens. Soos almal weet, is dit vir 'n moeder seker baie swaarder as vir 'n vrou, want 'n moeder dink altyd aan die kind as klein en wil hom tog maar altyd beskerm, en 'n vrou dink weer altyd aan haar man as groot en sterk en wil deur hom beskerm word.

Die ou moeders se vurige wens was om tog net voor hulle dood weereens die Vierkleur te sien waai en vry te wees.

„Nieteenstaande ons nie gekry het waarvoor ons swaar gekry het nie, sal ons tog nie moed verloor nie", so het baie van hulle aan my geskryf na die oorlog. En ek stem saam, al was daar nie een van my familie in die kamp nie: moed verloor — nooit nie.

Nadat die vrouens toegelaat is om besoeke by die geïnterneerde mans af te lê, was daar aanvanklik geen reëlings getref vir 'n spesiale losiesplek nie. Gevolglik het sommige vrouens by plekke gekom waar hulle hewig aangeval is omdat hulle mans aan die O.B. behoort. Die gevolg was dat sodanige vrouens gevra het om by O.B.'s gehuisves te word. Dit het toe by my opgekom om hulle in my huis te herberg, en ek was nog nooit spyt daaroor nie. Ons lewenswyse is eenvoudig, maar dit het nie een van hulle afgeskrik nie. Dit was 'n genot om met hulle almal in aanraking te kom. Ons het soos een groot familiekring gevoel: ons siele het saamgevloei. Hulle was gelukkig hier in die ou armoedige en nederige huisie. Hier is menige traan saam gestort, trane wat sy te trots was om in die teenwoordigheid van die Kakie te stort, of te edel om voor haar man of seun te stort omdat dit hom dalk kan ontmoedig. As hulle klaar besoeke afgelê het en hulle klaar uitgehuil het, was dit of 'n nuwe besieling hulle vervul het en het hulle met nuwe moed en opgeruimd huiswaarts gekeer, om die taak van moeder en vader gelyktydig te gaan vervul.

Soos ons reeds gesê het, moes baie self werk; bediendes was buite die kwessie: daar was nie geld voor nie.

Sommige Boervrouens moes hulle landerye en vee self versorg, andere het selfs groot vragmotors bestuur en transport gery om sodoende iets te verdien. Party het weer onderwys begin gee of kantoor- of winkelwerk verrig en het so spaarsaam te werk kon gaan dat hulle iets kon weglê vir die dag wanneer die mans weer uit die kamp moes kom, sodat daar 'n paar pond kon wees om iets mee te begin.

Sommige vrouens moes verskriklike lang afstande aflê om 'n besoek te kom aflê. Elke drie maande is aan 'n vrou 'n persoonlike besoek van twee uur toegestaan en elke maand 'n „draadbesoek" van 'n halfuur. Die vrouens wat baie ver gebly het, kon maar net eenmaal elke ses maande kom en dan doen hulle twee persoonlike besoeke. Soms moes hulle tot veertien dae hier bly om dit te kan kry. Dit het soms met baie moeilikhede gepaard gegaan: nie alleen het hulle baie opofferings moes maak nie, maar die owerheid het ook alles gedoen om hulle te laat swaarkry.

Sommige vrouens het elke maand meer as honderd myl per motor gekom om die ou halfuur-draadbesoekie af te lê en nooit het hulle gekla dat dit vir hulle 'n te groot opoffering is nie.

Hulle mog niks met hulle saam geneem het nie; tot hulle handsakke moes hulle by die kantoor agterlaat. Die vrees het die Kakies altyd gehad dat die vrouens op een of ander manier die mans sou help om uit die kamp te ontsnap of iets sal inneem wat nie mag ingegaan het nie. Dog op baie maniere is die Kakie hier uitoorlê, want die Boervrou ken geen vrees nie. Maar hieroor sal ons liewer swyg. Ons noem dit maar net om aan te toon dat die vrou van die Boer nog steeds die Kakie se tier is.

Ons harte loop oor van geluk as ons vandag nog die briewe lees van vrouens wat ons maar gedurig so ontvang het, briewe wat tot oorlopens toe vol was van dankbaarheid oor die geringe opoffering van ons kant.

As ons so aan hulle dink, dan wonder ons waar hulle al die moed vandaan gekry het om so te kon aanhou werk, so te kon spaar, eerbaar te kon lewe en nog standvastig ook kon bly.

Onwillekeurig skiet die gedagte ons te binne, omdat hulle lewe en strewe was: My God eerste, dan my volk en my land Suid-Afrika.

*C. M. Immelmann.*

(**Redaksionele Nawoord.**—Die gasvrye en simpatieke woning van die Immelmanns te Koffiefontein was altyd 'n troosryke en bemoedigende oase vir die besoekende moeders, eggenotes en kinders van geïnterneerdes. Hulle liefde, sorg en hulp sal nie vergeet word nie en verdien besondere vermelding.)

# DIE HELPENDE VROU EN MOEDER

DIE Tweede Wêreldoorlog het soos 'n veldbrand deur ons land getrek. Weer moes die Afrikaner soos in die verlede deur die smeltkroes gaan; en weer was die Afrikanervrou en -dogter gereed om sy aan sy met die man die vuurdoop deur te staan.

Onverwags en skielik is honderde gesinne getref. Vaders, broers, seuns, bemindes is uit die midde van hulle gesinne geruk, in tronke en in interneringskampe geplaas; sommige selfs voortvlugtend.

In 'n oogwenk was die broodwinners van gesinne meedoënloos, en in die meeste gevalle sonder enige rede, gelas om vrou en kind vaarwel te sê en moes hulle verslae en verlate aan die genade van goedgesindes oorgelaat word.

Die wekroep het gekom tot die vrou van die Ossewabrandwag. „Help die noodlydende vrou en kind". Die Kommandant-Generaal het die taak om vir die noodlydendes te sorg aan die vrou opgedra, en sy het hom nie teleurgestel nie. Van die Kaap tot in Transvaal, van die Vrystaat tot Natal, het die vrou geantwoord op die geroep om hulp. Die vrou en dogter van die Ossewabrandwag het 'n onvermoeide ywer aan die dag gelê ongeëwenaard in die geskiedenis van enige volk. Nog nooit het 'n klompie vroue met soveel opoffering en liefde aan die werk gespring om hulle susters in die verdrukking te help nie. Boervrou en fyn stadsdametjies het met mekaar gewedywer, deur in wind en weer, byna dag en nag, alles in hulle vermoë te doen om fondse in te samel om sodoende 'n helpende hand te reik aan die swaar beproefdes. Die vrou het haar self nie gespaar nie.

Klein en groot funksies is gereël — meestal onder die ongunstigste omstandighede van die oorlogsjare. In wind en weer het hulle van 'n geboutjie hier en 'n tent of afdakkie elders gebruik gemaak, daar stad- en dorpsale nie vir hulle beskikbaar was nie. Maar dit het hulle nie afgeskrik nie. In reën en sonskyn is gewerk, en duisende ponde is ingesamel om noodlydende vroue en kinders van die nodige te voorsien.

Bydraes is ingesamel. Geen bedraggie is te gering geag nie. Offisiere het in ons groot stede myle afgestap om hier ses pennies, daar 'n sjieling in te samel.

Uit verskillende dele van ons land is daar produkte en ander lewensmiddele gestuur na die swaar geteisterde dele, en menige vrou moes saans as dit donker was, haar deeltjie gaan ontvang, uit vrees dat kwaadgesindes haar sou sien, haar gaan aankla en sy gevolglik ook die skamele bedraggie, wat sy van die owerheid ontvang, sou verbeur.

Paaiemente is op huisraad afbetaal, selfs premies op lewenspolisse is betaal. Afgesien van onderhoudstoelae aan families, is in baie gevalle ook gesorg vir vervoer en mediese dienste.

Ook is mans, vaders, seuns en broers in die interneringskampe en tronke nie vergeet nie. Aan geïnterneerdes is gereeld pakkies gestuur, veral is verjaarsdae en Kersdae nie vergeet nie. Allerlei lekkernye wat toelaatbaar was, is gestuur, hoewel pakkies dikwels terug gestuur is met die inhoud heelwat verminder. In die groot stede waar die politieke gevangenes aangehou is in tronke, het die vrou alles in haar vermoë gedoen sover dit haar toegestaan is, om hulle lot te versag. Gereeld is aan hulle maaltye verskaf, nieteenstaande groot voedselskaarste. Ons bewonder daardie vroue des te meer, omdat hulle ten spyte van alles tog daarin geslaag het om smaaklike maaltye aan die politieke gevangenes te verskaf, wat voorwaar 'n soet druppel in hul bitter beker was.

Melding verdien gemaak te word van die pragtige gees van samewerking wat daar geheers het binne die eie geledere. Rykes en armes het bygedra tot hierdie groot saak. Minder bevoorregtes het hulle deeltjies bygedra of anders hulle dienste aangebied. Veral het die ouer vrou en moeder, wat al ver gevorder was op die lewenspad, so 'n skitterende voorbeeld gestel van selfverloëning en onbaatsugtigheid, selfs waar die kragte al aan die afneem was, dat ons nie kan nalaat om hulde aan hulle te bring nie. Waarlik, 'n volk met sulke vroue en moeders kan nie ondergaan nie.

Ons is baie dankbaar dat in hierdie boek ook voorsiening gemaak is vir die aandeel wat die vrou gehad het in hierdie worstelstryd, dat haar aandeel ook in hierdie boek vasgelê word en so behoue kan bly vir die nageslag.

As ons vandag terugkyk na die jare van ontwrigting en vervolging, dan is die vrou van die Ossewabrandwag dankbaar dat dit haar vergun was om andere in hul uur van nood te kon help en dien.

Tereg kan ons trots wees op die Helpende Vrou en Moeder van ons Beweging.

*Henrietta J. Steenkamp.*

---

## O.B.-NOODHULP

AS 'n mens na die Tweede Wêreldoorlog terugkyk en die optrede van die strydende Afrikanerdom in oënskou neem, moet die werk van die O.B.-Noodhulpfonds nie uit die oog verloor word nie. Dit is die werk wat in die stilte gedoen is om die nood te versag van diegene wat in die stilte gely het.

Toe die interneringswoede losgebars het, is volksgetroue Afrikaners by die honderde in interneringskampe opgesluit, en diegene wat hulle tot die aktiewe verset gewend het, is by die tientalle in die gevangenis gestop.

Noodwendig moes die nood van onskuldige vrouens en kinders hierop volg. Die Noodhulpfonds is gebore om daardie nood te versag.

Die O.B.-kommando's het die geld ingesamel. Meestal is trippense en sikspense en sjielings bygedra, maar dit het uit alle oorde van die land gekom; en toe die geldjies maandeliks die Noodhulpkantoor te Johannesburg bereik het, was dit geen onaansienlike bedrag nie.

Wat van die Noodhulpfonds merkwaardig was, is dat die uitgawes nie toegeneem het namate die inkomste gestyg het nie maar dat die inkomste toegeneem het namate die uitgawes gestyg het. Waarom? Die antwoord is eenvoudig! Hoe groter die nood van die lydende volksgenote geword het, des te groter het die inspanning en toewyding van die kommando's dwarsdeur die land geword.

Die Noodhulpkomitee het weekliks nuwe toekennings gemaak — bystand op 'n beskeie skaal. Die nuwe toekennings moes gemaak word, want nuwe interneringsgevalle het voorgekom en nuwe noodtoestande het ontstaan. Die geld is met oorleg bestee, die administratiewe koste was laag, maar ek kan my nie herinner dat die komitee by 'n toekenning ooit gevra het of die geld daar sal wees nie. Daar is in die geloof gelewe. Die geld het opgedaag, want dwarsdeur die land het tienduisende Afrikaners gereeld bygedra.

Ek herinner my dat die uitgawes op een stadium oor die £2,500 per maand beloop het en gedreig het om die kerf £3,000 te bereik. En tog was dit nie 'n kritieke tyd vir die Fonds nie, want die getroues was oral op hul pos. Teen die einde van die maand as die honderde tjeks die kantoor verlaat het, was die kas feitlik leeg; maar die volgende maand toe die tjeks weer geteken moes word, was die geld weer daar. Werklik, daar is in die geloof gelewe. En met soveel getrouheid as rugsteun was dit nie moeilik om in die geloof te lewe nie.

Wat egter bo hierdie getrouheid uitgestyg het, wat hierdie offervaardigheid in die skaduwee gestel het, was die geduld, die moed, die volharding, die uithouvermoë van die vrouens wat moes worstel om die mas op te kom. Hulle het nie gekla of gevra nie. Hulle het fier en trots die hoof omhoog gehou. Miskien moet 'n paar gedagtes wat deur hulle uitgespreek is, in herinnering gebring word.

Toe 'n vrou die berig ontvang het dat haar man vir hoogverraad in die tronk gestop is, het sy gesê:

*„Goddank, dis hoogverraad en nie laagverraad nie."*

By 'n vergadering het 'n vrou een aand namens die vrouens van geïnterneerdes en politieke gevangenes gesê:

*„Glo my, ons sal die beker tot die droesem ledig!"*

En hulle het dit gedoen. Daardie vrouens en kinders verdien die hulde.

En naas hulle moet hulde gebring word aan die mans wat in die kampe en die tronke, agter die doringdraad en die tralies die prys vir die eer van 'n volk betaal het. Hulle het 'n voorbeeld gestel, want net soos hul dierbares daarbuite het ook

hulle nie gekla of gemurmureer nie maar moed ingepraat asof dit diegene daarbuite was wat die swaarste gekry het.

In hierdie beskeie bydrae word geen name genoem nie, want die Noodhulp was die daad van die volk. Meer as £120,000 is ingesamel en bestee. Dit was maar min in vergelyking met die nood wat ontstaan het, maar dit het darem gehelp.

Laat ons die hand wat gehelp het, nie vergeet nie.

En laat ons die hand wat geslaan het, onthou.

*G. Cronjé.*

---

## NOODLENIGING AS DAAD VAN ONS VOLK

WIE die vorige stukke lees, kom onder die indruk van die pragtige hulp wat die O.B. aan die noodlydende gesinne van vervolgdes, voortvlugtendes, geïnterneerdes en politieke gevangenes besorg het. Met besondere erkentlikheid moet van hierdie grootse bystand gewag gemaak word.


Maar vergeet mag nie word dat ook ander persone waarvan baie nie lede van die O.B. was nie, in hul duisende en tienduisende waardevolle hulp verleen het. Ons dink hier aan die stille maar treffende geestelike sorg en barmhartigheidsdiens van talryke Kerkrade, aan die belangrike hulp deur plaaslik georganiseerde aksies van H.N.P.-lede, aan talle en talle persone en sake wat individueel en privaat op so 'n simpatieke wyse gehelp het en daaraan dat groot getalle nie-O.B.-lede ook tot die O.B.-Noodhulpfonds bygedra het. Ook hulle algar asook ander instansies wat in die uur van nood gewaardeerde bystand verleen het, verdien ons besondere erkentlikheid. Juis ook hulle het besef dat die optrede van vervolgdes, voortvlugtendes, geïnterneerdes en politieke gevangenes gemotiveer en voortgestu was deur daardie selfde en kragtige vryheidsidealisme waarvan die geskiedenis van ons Boerenasie so sterk getuig en dat die moedige lyding van agterblywende moeders, vroue en kinders uitdrukking was van dieselfde vryheidsgees en vryheidstrewe.

Nie alleen moet die skitterende bydrae van die O.B. tot noodleniging van die betrokke gesinne en persone gesien word as 'n pluim in die hoed van die *hele* nasionaalvoelende Afrikanerdom nie, maar moet hierdie bydrae saam met die ander genoemde bystand gesien word as 'n daad van ons Boerenasie *as geheel.*

*Die Redaksie.*

---





Bo: *Hy kom om 'n geïnterneerde los te laat!*

Middel: *Die kamp is nou afgebreek — verlate, verlore!*

Regs: *Ook sy dienste is nie meer nodig nie!*



*Vaarwel,*
*Koffiefontein*
*en – mag ons*
*byvoeg –*
*Baviaanspoort!*

